

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 25: Tzav – Gee Opdrag

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Beveel Aharon en sy seuns en sê: ‘Dit is die wet van die brandoffer: die brandoffer moet die hele nag lank tot die oggend toe op sy vuurherd, op die altaar, bly en die altaarvuur moet aan die brand gehou word. Lev. 6:8 en 9 – PWL¹

Torah: Lev. 6:8 tot 8:36².

Haftorah: Jer. 7:21 tot 8:3 en Jer. 9:22 en 23.

Nuwe Verbond: Mark 7:31 tot 8:38; Rom. 12:1 tot 2; Heb. 4:14 tot 5:10; 7:1 tot 28; 8:1 tot 6; 9:1 tot 28; 10:1 tot 39; 13:10 tot 14; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; 1 Peter 1:14 tot 16; Ef. 6:10 tot 18.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 25 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Ah! How foolish we are! How we repeat the folly of our first parent [Adam] every day when we seek to hide sin from conscience, and then think it is hidden from God – Charles Spurgeon.

When we say that there's only one way of salvation, people say `You're very narrow minded.' But the truth is always narrow minded. 2 + 2 = 4; it's not 3.9, it's not 4.1 – Zac Poonen

If we turn away our eyes from ANY SIN we are as guilty of that sin as the sinner. If I turn my eyes away from TRUTH because I fear what mankind might say or do to me because I speak TRUTH, I fail my Creator and I transgress the command that says: Fear Yahuah – Mahdokt Walter.

Choose whatever you desire to choose, but know and understand that you, and you alone, choose your final destiny – Anonymous.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

² In sommige vertalings, soos in die Afrikaanse Vertaling van 1953, begin die Torahskriflesing by Lev. 6:1

Our knowledge only makes us more responsible, not "in charge". We're all on level ground before Yahusha – Lew White.

If you don't delight in the fact that your Father is holy, holy, holy, then you are spiritually dead. You may be in a church. You may go to a Christian school. But if there is no delight in your soul for the holiness of God, you don't know God. You don't love God. You're out of touch with God. You're asleep to his character – R.C. Sproul.

What we love usually manages to get into our conversation. What is down in the well of the heart will come up in the bucket of the speech – Vance Havner.

God doesn't choose the perfect; He perfects His chosen – Anonymous.

Torah Bespreking

Hersiening

Die boek van *Sh'mot* het geëindig met die voltooiing en inwyding van die tabernakel.

33 Hy het die voorhof wat rondom die tabernakel is en die altaar opgerig en die gordyn vir die poort van die voorhof opgehang. So het Moshe dan die werk voltooi

34 en die wolk het die Tent van Ontmoeting oordek en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die tent gevul.

35 Moshe was nie in staat om in die Tent van Ontmoeting in te gaan nie omdat die wolk daarop gerus en die Teenwoordigheid van יהוה die tent gevul het. Ex. 40:33-35.

Die tabernakel, priesterorde en offerandes was die “voltooiing” van יהוה se begeerte om in die midde van Sy volk te woon. Daarom is Levitikus die onderrig en instruksies hoe hierdie intieme verhouding tussen יהוה en die mens moet funksioneer. Hierdie verhouding is gebaseer op vertroue en gehoorsaamheid.

Levitikus is die derde boek van Moshe en dus die derde boek van die Torah. Die Hebraëuse naam van hierdie boek is *Vayikra* wat afgelei is van Lev. 1:1 wat begin: יהוה *het Moshe geroep*.... Die sewentig Rabbies wat die Tanakh in Grieks vertaal het, en as die Septuagint bekend is, het hierdie boek egter Levitikus genoem en dit beteken: *Met betrekking op (tot) die priesters*.

Levitikus is die middelste en kortste boek van Torah. Die hooftema is heiligmaking (afsondering) en die sleutelteks kan as Lev. 11:45 beskou word:

want Ek is יהוה wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring het om julle God te wees. Julle moet daarom afgesonderd wees omdat Ek afgesonderd is.

Vayikra (Levitikus) kan opgesom word as יהוה wat Sy Bruid roep tot ‘n leefwyse van afgesonderde intimiteit (geestelike gemeenskap; *fellowship*) met Hom deur die offerandes en die feestye. Dit kan ook gesien word as die onderrig en instruksies in gehoorsaamheid tot afsondering. *Vayikra* is die handleiding vir hoe om in die tabernakel, naamlik in die teenwoordigheid van יהוה, te leef.

As deelgenote van die nuwe verbond in Yeshua is ons ook deur יהוה geroep (*vayikra*) as ‘n koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9) en is die Skrifte van die nuwe verbond ons “Levitikus”,

naamlik dit wat betrekking het op die priesters volgens die orde van Malki-Tzedek (Melgisédék).

Om in ons lewenswandel afgesonderd (heilig) te wees, is ook die opdrag van die nuwe verbond.

¹³ Bind daarom die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een,

¹⁴soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie,

¹⁵maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is

¹⁶omdat daar geskrywe is: “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.” 1Pet. 1:13-16.

Die Torah van Moshe, en veral die boek van Levitikus, was slegs ‘n skaduwee van hoe om as afgesonderde deur vertrouwe in, en deur gehoorsamheid aan, יהוה ons Skepper-God te lewe. Daarom moet ons verstaan dat die bo alles uitstaande hoedanigheid van יהוה is Sy morele volmaaktheid en Sy etiese standaard van reinheid, naamlik die reëls en vereistes ten opsigte van gedagtes, woorde en dade. Dit is die skietlood wat ons onself mee moet meet. Yeshua is ons volmaakte voorbeeld hiervan! Maar om afgesonderd (heilig) te wees, vereis ‘n vrywillige en vreugdevolle onderdanigheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua van toepassing is, asook om afgesonderd en vernuwe (‘opgelei’ en toegerus) te word vir dienswerk in Vader se Hemelse koninkryk.

¹⁶Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir ‘n kursus in onpartydige opregtheid

¹⁷sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad. 2Tim. 3:16 en 17.

Daarom moet ons onself daarop toespits om ons volmaak voor God aan te bied as ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, maar wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig (2 Tim. 2:15).

Ons wat voorheen geen volk van God was nie, maar nou Sy volk is, moet die lofprysing van Hom, wat ons uit die duisternis geroep het, verkondig (1 Pet. 2:10).

Soos ons in die vorige Torahskriflesing geleer het, was die oorhoofse doel van die offerandes om nader aan יהוה te beweeg. Dit is dan die betekenis van die Hebreuse woord vir offerande, naamlik *korban* wat afgelei is van die grondwoord *karov* en wat *toenadering*, *om naby te kom* en *om ‘n verhouding aan te knoop* beteken. Daarom word *korban* ook gesien as ‘n geskenk aan יהוה.

Die offerandes is op die brandofferaltaar in die binnehof geoffer, maar die bedoeling was om die gelowige tot in die teenwoordigheid van יהוה te bring. Hierdie week se Torahskriflesing (*Tzav*) is ‘n voortsetting van hierdie onderrig en instruksies.

Seun / dogter van die opdrag

Wanneer ‘n Joodse seun die ouderdom van 13 bereik, en ‘n dogter die ouderdom van 12, vier die seun sy *Bar Mitzvah* en die dogter haar *Bat Mitzvah*. By hierdie geleentheid word bevestig dat ‘n kind die ouderdom bereik het waar hy/sy persoonlik die verantwoordelikheid

neem om volgens Torah te lewe. Die letterlike betekenis van *Bar Mitzvah* is: *Seun (bar) van die opdrag (instruksies)* en *Bat Mitzvah: dogter (bat) van die opdrag (instruksies)*. Elke seun en elke dogter onderneem dus om 'n gehoorsame kind van יהוה se Torah – Sy instruksies en onderrig – te word!!

Die woord *mitzvah* (meervoud *mitzvot*) is afgelei van die woord *tzav (tsavah)* en beteken *opdragte (gebooie)* en is die Vader se onderrig, instruksies en wysheid vir 'n Torah-gehoorsame lewenswyse van oorvloed lewe in Yeshua, Die Gesalfde Een (Joh. 10:10b).

.....Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorvloed daar ook al vir hulle is.

Na wedergeboorte moet ons ook as te ware 'n *Bar Mitzvah* en *Bat Mitzvah* ondergaan, naamlik om persoonlik die verantwoordelikheid te aanvaar om volgens יהוה se Torah soos dit deur Yeshua vervul is, en in die nuwe verbond uiteengesit word, te lewe. Liefde en dankbaarheid vir יהוה se onverdiende guns soos deur Yeshua aan ons bewys is, moet te alle tye ons motivering wees (Joh. 14:21-23)!

21 Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My liefhet en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.”

22 Y’udah, nie die een van K’riot nie, vra vir Hom: “My Meester, hoe is dit dat U Usself aan ons sal openbaar en nie aan die wêreld nie?”

23 Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak.

Die belangrike om te onthou, is dat vertroue in Yeshua tot redding en bekering, naamlik sondevergifnis en die terugkeer tot gehoorsamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is, altyd hand-aan-hand gaan!!

Bepeins of Bespreek

1. Luister biddend na die *Sh'mar* belydenis vanuit die Torah en vanuit die Apostoliese Skrifte wat beskikbaar is by <https://www.youtube.com/watch?v=hfDMIY3v0cQ> en wat ook gebruik kan word tydens byeenkomste van gelowiges.
2. Is die volgende stelling waar? Die Christendom verkondig dat hulle vry van die wet is omrede gelowiges nie die betekenis van die woord *Torah* verstaan nie, naamlik dat dit die Vader se liefdevolle onderrig en instruksies is? Diegene wat sê dat hulle vry is van die wet is om te verklaar dat hulle vry is van Vader-God se liefdevolle onderrig!

Haftorah Bespreking

Jer. 7:21 tot 8:3 en Jer. 9:22 en 23 – Offer met 'n Besnyde Hart

Hierdie week se Haftorahskriflesing vind aansluiting by die Torah aangesien die offerandes in beide bespreek word. יהוה het egter Yirmeyahu (Jeremia) na Yisra'el gestuur om hulle te tugtig oor hulle offerandes. So lees ons in Jer. 7:21-23 die volgende:

21 So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: “Voeg julle brandoffers by julle offers en eet vleis,

22 want Ek het nie met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit die land van Mitrayim uitgelei het, gepraat of bevel gegee in verband met brandoffers of offers nie,

23 maar dít is wat Ek hulle beveel en gesê het: ‘Gehoorzaam My stem en Ek sal julle God wees en julle sal My volk wees en julle moet loop in al die lewenswyses wat Ek julle beveel sodat dit met julle goed kan gaan.’

Wat bedoel יהוה wanneer Hy deur Yirmeyahu bogenoemde aan Yisra’el sê? Dit is duidelik dat יהוה met veragting na Yisra’el se offerandes verwys! Hoekom? Die probleem was die gesindheid waarmee Yisra’el offerandes gebring het en die feit dat hulle nie meer die doel en betekenis van die offerandes verstaan het nie. Daarom sê יהוה vir Yisra’el dat hulle net sowel die offerandes kan eet (vers 21), want dit beteken niks nie!

יהוה het soortgelyke woorde van tugtiging deur die profeet Yesha’yahu (Jesaja) aan Yisra’el gerig (Jes. 1:11 tot 15):

11 ‘Wat is julle vermenigvuldigde slagoffers vir My?’ sê יהוה. ‘Ek het genoeg gehad van die brandoffers van ramme en die vet van gevoerde kalwers; Ek het geen plesier in die bloed van bulle, lammers of bokke nie.

12 As julle kom om voor My Teenwoordigheid te verskyn, wie vereis dit van julle, hierdie vertrapping van My voorhowe?

13 Moenie langer julle waardelose offergawes bring nie; wierook is ’n gruwel vir My. Nuwemaan en Shabbat, die uitroep van byeenkomste; Ek kan nie oortredinge saam met die ernstige byeenkomste verdra nie!

14 Ek haat julle Nuwemaanfeeste en julle aangestelde feestye; hulle het vir My ’n las geword; Ek is moeg om dit te dra.

15 Wanneer julle jul hande uitsprei, sal Ek My oë vir julle toemaak; ja, selfs al vermenigvuldig julle gebede, Ek sal nie luister nie. Julle hande is oortrek met bloed.

יהוה herinner Yisra’el ook aan die volgende: *want Ek het nie met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit die land van Mitzrayim uitgelei het, gepraat of bevel gegee in verband met brandoffers of offers nie* (Jer. 7:22), maar dat Hy wel aan Yisra’el gesê het: *Gehoorzaam My stem en Ek sal julle God wees en julle sal My volk wees en julle moet loop in al die lewenswyses wat Ek julle beveel sodat dit met julle goed kan gaan* (Jer. 7:23).

יהוה herinner Yisra’el dus daaraan dat Hy eerstens gehoorzaamheid vereis en dan offerande. Met ander woorde יהוה het Yisra’el as koninklike priesterdom gekies (Ex. 19:5-6) voordat Hy die priesterorde en offerandes ingestel het. Die tien gebooie (morele wette) was voor die offerandes (seremoniële wette) aan Yisra’el gegee.

Dit herinner ons aan Avraham (Abraham) wat eerstens יהוה vertrou het en daarna gehoorzaam was alvorens hy geoffer het. Daarom lees ons in Gen. 26:4-5 wat יהוה aan Yitz’gak (Isak) gesê het:

4en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees

5omdat Avraham My stem gehoorzaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het.”

Die priesterorde en offerandes was as hulpmiddel van onverdiende guns wat later bygevoeg was sodat Yisra’el vergifnis kon ontvang wanneer hulle ongehoorsaam was en sodoende nader aan יהוה kon gaan met die doel om verhoudings te herstel.

Opsommend was die profetiese woord van Yirmeyahu (en ook die van ander profete soos Yesha’yahu en Amos) aan Yisra’el om nie hulle offerandes te bring indien hulle nie begeer om gehoorzaam aan Torah te wees nie. Offerandes vergoed nie vir ongehoorsaamheid nie,

want dan is dit offerandes van eie geregtigheid! Die doel van die offerandes is nie om יהוה tevrede te stel ('te onthaal') nie, maar om 'n innerlike verandering van afsondering (heiligmaking) teweeg te bring. Saul het ook hierdie les geleer soos ons in 1Sam. 15:1-28 lees en waar Sh'mu'el (Samuel) aan Sha'ul (Saul) in verse 22 en 23 sê:

- 22 “Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme,
23 want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”

Ten spyte van יהוה se tugtiging deur Yirmeyahu wou Yisra'el nie luister nie!! Hulle het voortgegaan in Torah ongehoorsaamheid, insluitend afgodery, terwyl hulle geoffer het!!

- 24 Tog het hulle nie gehoorsaam en hulle oor gedraai nie, maar in hulle eie planne en in die hardkoppigheid van hul bese verstand, wil en emosie geloop en het agteruitgegaan en nie vorentoe nie.
25 Sedert die dag dat julle vaders uit die land van Mitzrayim uit gekom het, tot vandag toe, het Ek al My knegte, die profete, na julle toe gestuur, daaglik, vroeg opgestaan en hulle gestuur.
26 Tog het hulle nie na My geluister of hulle oor gedraai nie, maar hul nek verhard; hulle het meer boosheid as hul vaders gedoen. Jer. 7:24-26.

Ons sien dus 'n verskil in die gevolg (reslutaat) van die offerandes soos dit in Levitikus beskryf word en soos dit in deur Yisra'el in die tyd van Yirmeyahu gebring was. Daar is 'n REUSE verskil! In Yirmeyahu se tyd het die offerandes 'n godsdienstige ritueel geword wat met 'n verkeerde hartsgesindheid gebring was, terwyl hulle die werklike doel daarvan vergeet het, want hulle harte was nie besny nie!

In verlede week se Torahskriflesing het ons geleer dat 'n offerande bedoel was om 'n intense konfrontasie met sonde te wees! Die skuldige, naamlik die oortreder van יהוה se Torah (die sondaar) moes met berou 'n dier as offerande gebring het – 'n offer sonder enige gebrek! Dan het hy sy hande op die dier se kop gelê en was sodoende gedwing om tot selfkennis te kom van die verwydering en die 'skade' wat sonde in sy verhouding met יהוה aangerig het. Hierdie besef het werklikheid geword wanneer die dier se keel afgesny was en op die brandofferaltaar verbrand was. Dit was 'n baie persoonlike en emosionele ervaring van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het. Die offer van diere was bedoel om 'n weersin in sonde, naamlik die oortreding van Torah (1 Joh. 3:4) te verwek! Die offerandes moes met 'n besnede hart gebring word –hartsgesindheid van ware berou en terugkeer tot gehoorsaamheid.

Besny daarom die voorhuid van julle verstand, wil en emosie en wees nie meer hardnekkig nie Deut. 10:16.

Die oortreding van Torah (die wet) is 'n 'besoedeling' wat 'n toestand van onreinheid veroorsaak en dus verwydering tussen יהוה en die oortreder van die wet tot gevolg het. Die doel van die offer (die *korban*) is om die sondaar te reinig sodat hy weer in יהוה se teenwoordigheid kan staan. Dit is dan die kerndoel van die offerandes, naamlik om nader aan יהוה te beweeg. En weer onder Sy vleuels te skuil. Om vanaf die binnehof waar die brandofferaltaar staan tot in die Heiligdom te gaan. Die doel was ook om uit dankbaarheid aan יהוה te offer soos wat ondermeer deur die spysoffer en die dankoffer uitgebeeld word.

Dit is hierdie begrip en begeerte wat by Yisra'el in die tyd van Yirmeyahu ontbreek het. Die erns en ywer om sonde te konfronteer het verlore geraak, asook die begeerte om werklik met יהוה deur vergifnis versoen te word, is vervang met 'n blote rituele handeling wat as voldoende beskou was. Dit is nie die blote fisiese handeling van offerandes wat יהוה vra nie. Nee, Vader-God vra eerstens gehoorsaamheid (1 Sam. 15:21-23) wat ontstaan weens liefde vir Hom – 'n liefde soos waarmee Hy Yisra'el liefhet. Daarom het Yeshua gesê: *As julle my liefhet sal julle my gebooie bewaar* (Joh. 14:21 en 23).

Dit is wat keer op keer met Yisra'el gebeur het, naamlik: Hulle liefde vir יהוה het verflou en het 'n hartsverandering meegebring wat tot Torah-ongehoorsaamheid gelei het. Yisra'el het die doel en betekenis van die offerandes geminag! Hulle het יהוה en ander gode gelyktydig aanbid en gedink dit is vir God aanneemlik. Yisra'el het dus hulle eie geregtigheid opgerig en nie meer die geregtigheid van יהוה gesoek nie (Rom. 10:1 en 2).

Sonder 'n hartsgesindheid van ware berou en *teshuva* (terugkeer na Torah) is 'n offer net 'n ritueel/tradisie wat יהוה as 'n sinnelose slagting (*zebach*) beskou en verdere verwydering veroorsaak. Maar 'n offer uit liefde en met die regte hartsgesindheid van berou wat gebring word om nader aan יהוה te beweeg, is vir die Vader 'n lieflike geur.

Dawid se boetelied na sy owerspel met Batseba (Psalm 51) illustreer die gesindheid van berou en begeerte vir versoening met יהוה. Dit is om met 'n besnede hart 'n offerande tot versoening met יהוה te bring.

2 Bewys onverdiende guns aan my, o God, volgens U liefdevolle goedheid. Vee my rebellie uit, na die oorvloedigheid van U liefdevolle omgee.

3 Was my deeglik van my morele boosheid en reinig my van my sonde....

Verandering in die Torah

Alle offerandes van die ou verbond is vir ewig opgehef omrede Yeshua die eenmalige offerande was.

11 Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie,

12 maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd,

13 wagtend verder totdat Sy vyande 'n voetbank onder Sy voete gemaak is,

14 want deur een offer het Hy vir altyd die wat daardeur afgesonder is, tot die doel gebring.

15 Die Gees van Afsondering getuig ook vir ons en sê:

16 “Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae,” sê יהוה; “Ek sal My wet gee in hulle begrip en in hulle verstand, wil en emosie sal Ek dit inskryf

17 en hulle sondes en hulle oortredinge van die wet sal Ek nie onthou nie,”

18 maar waar daar vergifnis van sonde is, is daar nie 'n offer vir die sonde nodig nie.

Heb. 10:11-18.

Daar is egter talle gelowiges in die Messiaanse Beweging wat met verwagting uitsien na die die bou van die derde tempel en die voortsetting van die offerandes soos dit in Levitikus uiteengesit word! Dit ten spyte daarvan dat die skrywer van die brief aan die Hebreërs dit baie duidelik stel dat daar 'n verandering in יהוה se Torah plaasgevind het wat na die folterdood en opstanding van Yeshua, Die Gesalfde Een, van toepassing is (Heb. 7:11-19).

11 As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?

12 Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,

13 want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,

14 want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie.

15 Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.

16 Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,

17 want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,"

18 want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie,

19 want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit.

20 Hy het dit aan ons bevestig deur 'n eed,

21 want hulle was priesters sonder 'n eed, maar Hy met 'n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: "יהוה" het 'n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,"

Die brief aan die Hebreërs maak dit ook duidelik dat daar ook 'n verandering in die priesterorde plaasgevind het weens die onvermoë van die Levitiese orde en daar dus geen voordeel in was nie (Heb. 7:18). Yeshua is nou nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek (Heb. 7:17).

Die Apostoliese Skrifte verklaar dat ons as wedergebore kinders van יהוה 'n koninklike priesterdom en 'n afgesonderde volk is (1 Pet. 2:9, met verwysing na Ex. 19:6). Soos die priesters onder die ou verbond deur natuurlike geboorte (nasate van Aäron) priesters geword het, so word ons deur wedergeboorte priesters van die nuwe verbond onder die Hoopriesterskap van Yeshua.

Opsommend: Met die verandering in priesterskap het daar ook 'n verandering in die offerandes gekom, want Yeshua Messias is die Eenmalige offer wat gebring was. Die tipe offers en die wyse wat ons offer het dus ook verander, maar as priesters volgens die orde van Malki-Tzedek moet ons die doel en betekenis van die offers onder die ou verbond verstaan en geestelik toepas om aanvaarbare offers onder die nuwe verbond te bring.

Daarom lees ons in die Skrifte van die nuwe verbond ondermeer van die volgende offers wat ons moet bring:

❖ Rom. 12:1 en 2 – My liggaam.

1 My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

2 en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

- ❖ 1Pet. 2:5 – Geestelike offers.
Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een.
- ❖ Ef. 5:1-2 – 'n Liefdesoffer.
1 Wees julle daarom nabootsers van God soos kinders vir wie Hy lief is
2 en leef in liefde, net soos Die Gesalfde Een ons ook liefgehad het en Homself vir ons oorgegee het as 'n offer en slagoffer aan God tot 'n soet reuk,
- ❖ Fil. 2:14-17 – 'n Drankoffer van diensbaarheid.
14 Doen alles sonder om te kla en sonder verdeeldheid
15 sodat julle volmaak en onberispelik kan wees, as gereinigde kinders van God wat in 'n harde en verdraaide geslag leef, onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld,
16 want julle staan in die plek van lewe vir hulle; vir my om oor te roem in die dag van Die Gesalfde Een, want ek het nie verniet gehardloop of vir niks gewerk nie,
17 maar al word ek as 'n drankoffer uitgegooi oor julle offer en die diens van julle vertrou, verbly en verheug ek my saam met julle almal.
18 Net so moet julle ook saam met my bly wees en julle verheug.
- ❖ Heb. 13:15 -16 – 'n Loffer en 'n offer van weldadigheid en mededeelsaamheid.
15 Laat ons, deur Hom, altyd aan God 'n loffer bring, wat die vrug van die lippe is wat dank bring aan Sy Karakter en Outoriteit (Naam).
16 Vergeet ook nie liefdadigheid en om te deel met die armes nie, want met sulke offers stel 'n mens God tevrede.

Soos reeds genoem kan ons egter slegs hierdie offers verstaan in die lig van die doel en die betekenis van die verskillende offerandes soos in Levitikus beskryf word, naamlik: Om nader aan Vader-God te beweeg, en om uit liefde en dankbaarheid vir Sy onverdiende guns soos aan ons in Yeshua bewys is, vrywillig hierdie offers bring!

Maar baie belangrik!! Ons moet nie dieselfde fout as Yisra'el van ouds te maak nie deur hierdie offers te bring terwyl daar ook elemente van afgodery in ons lewe is en te dink dit is vir Vader-God aanvaarbaar! Ons moenie ons offerandes van die nuwe verbond bring indien ons nie begeer om gehoorsaam aan YHWH se Torah te wees soos dit in Yeshua vervul is nie. Offerandes vergoed nie vir ongehoorsaamheid nie, want dan is dit offerandes van eie geregtigheid!

As individue en as gemeente is ons nou die tempel (1Kor. 3:16; 2Kor. 6:16) en יהוה-God duld geen afgodery in Sy tempel nie!

Bepeins of Bespreek

1. Is daar 'n ooreenkoms tussen Yisra'el van ouds in hierdie week se Haftorah en die Christendom? Bring Christene nie ook "offers" terwyl hulle Torah-ongehoorsaam is nie? Wat van ons? Is die bedoeling van dit wat ons aan יהוה offer om nader aan Hom te beweeg, met ander woorde om meer gelykvormig aan Yeshua te word in terme van

gedagtes, woorde en daede? Onthou: Dit wat ons offer moet 'n innerlike verandering teweegbring wat uiterlike sigbaar sal word!

2. Wat is die verskil tussen glo in יהוה en om יהוה te glo? Is glo in God meesal 'n blote intellektuele besluit, terwyl om God te glo vertrouwe is wat gepaardgaan met die ooreenstemmende en vereiste handeling. Het Abraham in God geglo of het hy God geglo?
3. Dit is belangrik om ook die verskil tussen 'n *offer* (Lev. 1:2 – Hebreeus: *korban*; Engels: *offering*) en 'n *brandoffer* (Lev. 1:3 – Hebreeus: *olah*; Engels: *sacrifice*) te verstaan.

² “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘As iemand van julle aan יהוה 'n **offer** bring, moet julle jul offer bring vanuit vee: van beeste of van kleinvee.

³ As sy **offer** 'n **brandoffer** is vanuit die beeste, moet dit 'n bul sonder gebrek wees wat hy offer. Hy moet dit by die ingang van die Tent van Ontmoeting offer sodat hy voor יהוה aanvaar sal word.

'n *brandoffer* / “*sacrifice*” kan ook vertaal word as 'n slagoffer en 'n *offer* / “*offering*” as 'n geskenk. Volgens Hebreeuse denke is daar 'n subtiele verskil wat soos volg verduidelik kan word: *a "sacrifice" implies giving up something that is of value to oneself for the benefit of another. An "offering" implies a gift which satisfies the receiver.* יהוה het nie ons geskenke nodig nie, maar Hy vra van elkeen om dit wat die kosbaarste vir ons is, aan Hom as *brandoffer* te offer.

Dit is wat Paulus in Rom. 12:1-2 bedoel het, naamlik dat ons ons liggame as 'n *brandoffer* aan יהוה gee. Uiteraard bedoel Paulus dit nie letterlik nie, maar wel dat wanneer ons ons liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God dat dit nie 'n geskenk is nie, maar dat dit wel tot יהוה se “voordeel” is, want dan kan Hy ons elkeen gebruik om dienswerk in Sy Koninkryk te verrig! Alleenlik dan kan ons 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde volk wees volgens die orde van Malik-Tzedek!

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.